Aankondiging van tussentydse resultate

vir die ses maande geëindig 30 September 2020

Naspers Beperk (Registrasienommer: 1925/001431/06)
(Naspers of die groep)
JSE-aandelekode: NPN ISIN: ZAE000015889
LSE-kode: NPSN ISIN: US6315122092

KOMMENTAAR

September 2020 was die eerste herdenking van Prosus se notering op die Euronext Amsterdam se aandelebeurs. Daarmee is Europa se grootste verbruikersinternetmaatskappy en 'n nuwe beleggingsgeleentheid in die internasionale tegnologie-arena geskep, wat die groep se toegang tot internasionale internetbeleggers verbeter het. Een jaar later is eienaarskap van Prosus steeds besig om uit te brei en te diversifiseer. Die groep se onlangse insluiting by Europa se voorste indeks, die Euro Stoxx 50, sal na verwagting selfs nog meer belangstelling by Europese beleggers ontlok.

Met die breë geografiese verspreiding van ons werksaamhede en beduidende samesmeltings- en verkrygingsaktiwiteit in die e-handelsektor, word gerapporteerde verdienste wesenlik beïnvloed deur valutabewegings en die uitwerking van verkrygings en verkope. Waar van toepassing in hierdie verslag, het ons aanpassings gedoen hiervoor. Hierdie aanpassings (pro forma finansiële inligting) word tussen hakies aangedui ná die ekwivalente maatstawwe wat ooreenkomstig Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) gerapporteer word.

Die verdienste vir die tydperk tot 30 September 2020 vergeleke met 30 September 2019 is beïnvloed deur die bydrae van die Prosus-groep ná sy notering en die skepping van vrylik verhandelde aandele. Dit het gelei tot 'n beduidende nie-beherende belang van die groep. Op 30 September 2019 het ons 100% van die verdienste erken, teenoor 72.66% in die huidige tydperk.

Die volgende segmentele oorsig word op die grondslag van ekonomiese belang voorberei (wat gekonsolideerde filiale en 'n proporsionele konsolidasie van geassosieerdes en gesamentlike ondernemings insluit), tensy anders vermeld.

HOOFTREKKE

	Ses maande tot 30 September		Jaar geëindig 31 Maart
	2020	2019	2019
	VS$'m	VS$'m	VS$'m
Inkomste	**2 497**	1 730	4 001
Bedryfsverlies	**(274)**	(282)	(720)
Verdienste per gewone aandeel (VS-sent)	**500**	517	709
Wesensverdienste per gewone aandeel (VS-sent)	**404**	324	496
Kernwesensverdienste per gewone aandeel (VS-sent)	**363**	379	646

SEGMENTELE OORSIG

Die groep se finansiële hoogtepunte vir die tydperk tot 30 September 2020 word hieronder in hooftrekke gegee:

		Ses maande geëindig 30 September 2020						
	2019	**2020**	**2020**	**2020**	**2020**	**2020**	**2020**	**2020**
	A	**B**	**C**	**D**	**E**	**F[2]**	**G[3]**	**H[4]**
		Aanpassing aan groep-samestelling weens verkope	**Aanpassing aan groep-samestelling weens verkrygings**	**Aanpassing vir buite-landse valuta**	**Groei in plaaslike geld-eenheid**		**Groei in plaaslike geld-eenheid**	**IFRS**
	IFRS[1]							
	VS$'m	**VS$'m**	**VS$'m**	**VS$'m**	**VS$'m**	**VS$'m**	**%-veran-dering**	**%-veran-dering**
Inkomste								
e-Handel	2 089	(229)	262	(238)	970	2 854	**52**	**37**
– Geklassifiseerde Advertensies	596	(38)	140	(43)	(20)	635	**(4)**	**7**
– Betalings en Fintech	199	(8)	24	(18)	55	252	**29**	**27**
– Kosaflewering	306	(7)	2	(112)	421	610	**>100**	**99**
– e-Kleinhandel	695	(6)	81	(39)	472	1 203	**69**	**73**
– Reis	146	(146)	–	–	–	–	**–**	**(100)**
– Ander	147	(24)	15	(26)	42	154	**34**	**5**
Sosiale en internetplatforms	8 017	(82)	–	(55)	2 202	10 082	**28**	**26**
– Tencent	7 800	(25)	–	(33)	2 170	9 912	**28**	**27**
– Mail.ru	217	(57)	–	(22)	32	170	**20**	**(22)**
Media	139	–	2	(15)	(42)	84	**(30)**	**(40)**
Korporatiewe segment	(2)	–	–	2	–	–	**–**	**100**
Intersegmenteel	–	–	–	(1)	–	(1)	**–**	**–**
Groep-ekonomiese belang	10 243	(311)	264	(307)	3 130	13 019	**32**	**27**
Handelswins								
e-Handel	(433)	46	(35)	(3)	86	(339)	**22**	**22**
– Geklassifiseerde Advertensies	42	16	(21)	(12)	(10)	15	**(17)**	**(64)**
– Betalings en Fintech	(38)	3	(2)	(1)	–	(38)	**–**	**–**
– Kosaflewering	(283)	3	(1)	3	91	(187)	**33**	**34**
– e-Kleinhandel	(37)	3	(1)	3	42	10	**>100**	**>100**
– Reis	(21)	21	–	–	–	–	**–**	**100**
– Ander	(96)	–	(10)	4	(37)	(139)	**(39)**	**(45)**
Sosiale en internetplatforms	2 334	(63)	–	(18)	730	2 983	**32**	**28**
– Tencent	2 264	(7)	–	(16)	727	2 968	**32**	**31**
– Mail.ru	70	(56)	–	(2)	3	15	**21**	**(79)**
Media	4	–	–	4	(24)	(16)	**>(100)**	**>(100)**
Korporatiewe segment	(9)	–	(1)	4	(3)	(9)	**(33)**	**–**
Groep-ekonomiese belang	1 896	(17)	(36)	(13)	789	2 619	**42**	**38**

[1] Syfers weergegee op die grondslag van ekonomiese belang volgens die segmentele oorsig.

[2] A + B + C + D + E. *[3] [E/(A + B)] X 100.* *[4] [(F/A)-1] X 100.*

Direkteure: J P Bekker (voorsitter), B van Dijk (uitvoerende hoof), E M Choi, H J du Toit, C L Enenstein, D G Eriksson, M Girotra, R C C Jafta, F L N Letele, D Meyer, R Oliveira de Lima, S J Z Pacak, V Sgourdos, M R Sorour, J D T Stofberg, B J van der Ross, Y Xu

Maatskappysekretaris: L Bagwandeen

Geregistreerde kantoor: Heerengracht 40, Kaapstad 8001 (Posbus 2271, Kaapstad 8000, Suid-Afrika)

Oordragsekretaris: Link Market Services South Africa Eiendoms Beperk, 13de Verdieping, Rennie House, Ameshoffstraat 19, Braamfontein 2001 (Posbus 10462, Johannesburg 2000, Suid-Afrika)

Borg: Investec Bank Beperk

www.naspers.com

FINANSIËLE OORSIG

Die groep het ondanks Covid-19 goeie resultate behaal vir die eerste ses maande tot 30 September 2020. Die groep se inkomste, gemeet op die grondslag van ekonomiese belang, het VS$13.0mjd bedra. Dit weerspieël groei van 27% (32%), wat 'n beduidende versnelling van 16pp (12pp) teenoor dieselfde tydperk verlede jaar is. e-Handelsinkomste het jaar tot jaar met 37% (52%) toegeneem. Tencent het sy inkomste met 'n gesonde 27% (28%) verbeter. Die groep se handelswins het met 38% (42%) tot VS$2.6mjd gestyg. Tencent se bydrae tot die groep se handelswins het met 31% (32%) verbeter.

Kernwesensverdienste het VS$1.6mjd bedra, wat 6% (5%) laer is. Kernwesensverdienste is grotendeels beïnvloed deur laer verdienstebydraes in die huidige jaar deur die Prosus-groep, ná sy notering in September 2019, en die skep van die vrylik verhandelde aandele wat tot 'n beduidende nie-beherende belang van die groep gelei het. Op 30 September 2019 het ons 100% van die Prosus-verdienste erken, teenoor 72.66% in die huidige tydperk. Die nie-beherende belang in die kernwesensverdienste vir die tydperk bedra VS$591m. Ons verwys aandeelhouers na Prosus se afsonderlike verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state, sonder die gevolge wat in hierdie paragraaf uiteengesit word, en skets die goeie toenames in wesensverdienste en kernwesensverdienste gelewer deur die groep se bedrywighede. Ons herinner aandeelhouers daaraan dat Prosus die meeste van die groep se bedrywighede verteenwoordig. In die geheel weerspieël kernwesensverdienste sterk prestasie deur die groep, danksy die verbeterde winsgewendheid van ons e-Handelseenhede en die toenemende bydrae van Tencent.

Ons het die tydperk met 'n sterk en likiede balansstaat afgesluit. Die netto kontantposisie van VS$4.6mjd het bestaan uit VS$10.3mjd kontant en kontantekwivalente (korttermyn-kontantbeleggings ingesluit), ná aftrekking van VS$5.7mjd ten opsigte van rentedraende skuld (gekapitaliseerde bruikhuurverpligtinge uitgesluit). Ons het 'n ongebruikte wentelkredietfasiliteit van VS$2.5mjd. 'n Totale netto rente-uitgawe van VS$41m is vir die tydperk aangeteken.

In Julie 2020 het Prosus, Naspers se 72.66%-beheerde filiaal, met sukses skuld van meer as VS$2mjd verkry. Dit bestaan uit sy langste gedateerde Amerikaanse dollar-aanbod tot op hede, en sy eerste aanbod van euro-effekte. Die aanbiedings het sterk beleggersvraag ontlok, wat gelei het tot aantreklike prysvasstelling wat die groep se gemiddelde befondsingskoste verminder het, terwyl die saamgevoegde looptydprofiel van sy uitstaande effekte tot amper 12 jaar verleng is. Die opbrengs sal vir algemene korporatiewe doeleindes gebruik word waaronder toekomstige samesmeltings- en verkrygingsaktiwiteit en om die maatskappy se likiditeit verder te verbeter. Uitgifte het bestaan uit 2050 VS$1mjd 4.027% effekte, 2028 €500m 1.593% effekte en 2032 €500m 2.031% effekte. Die groep het tot 2025 geen skuldaflossings-verpligtinge nie.

Gekonsolideerde vrye kontantinvloei was VS$292m, wat 'n beduidende verbetering op die vorige jaar se vrye kontantinvloei van VS$19m is. Dit weerspieël groei in ons e-Handelseenheid se winsgewendheid, dividende van VS$458m (2019: VS$377m) wat van Tencent ontvang is en verbeterde bedryfskapitaalbestuur.

Daar was vanaf 1 April 2020 geen nuwe of gewysigde rekeningkundige verklarings wat 'n beduidende invloed op die groep se verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state gehad het nie.

Die groep het met ingang van 1 April 2020 'n vrywillige verandering aan sy rekeningkundige beleid aangebring ten opsigte van die latere meting van skriftelike verkoopopsie-reëlings met minderheidsaandeelhouers. Latere veranderings in die drawaarde van verkoopopsie-verpligtinge wat voorheen in die inkomstestaat onder "Ander finansieringsinkomste/(koste) - netto" erken is, word nou deur ekwiteit erken. In ons oordeel verskaf die verandering in rekeningkundige beleid meer tersaaklike inligting oor die uitwerking van onderliggende transaksies met minderheidsaandeelhouers. Skriftelike verkoopopsie-reëlings word as aandeletransaksies beskou, omdat die skikking met minderheidsaandeelhouers nie tot die verlies van beheer oor 'n filiaal lei nie. Verder, met die aanvanklike erkenning van die skriftelike verkoopopsie-verpligting, erken die groep gelyktydig die nie-beherende belang omdat die risiko's en belonings van eienaarskap nie as oorgedra na die groep beskou word tot tyd en wyl die skriftelike verkoopopsie-verpligting vereffen is nie.

Die groep het hierdie verandering in rekeningkundige beleid terugwerkend aanvaar. Die impak op die gekonsolideerde staat van finansiële posisie is egter onbeduidend, omdat alle vorige hermetings wat deur die inkomstestaat erken is, reeds in ekwiteit opgeloop het soos op die effektiewe datum van die verandering. Die vorige hermetings wat in behoue verdienste opgeloop het, is herklassifiseer tot die "bestaandebeheer-besigheidskombinasiereserwe". Gevolglik is vergelykende syfers op die staat van finansiële posisie heraangegee vir die herklassifikasie tussen behoue verdienste en ander reserwes. Die drawaarde van die skriftelike verkoopopsie-verpligtinge en die totale ekwiteit van die groep in die vergelykende tydperke bly onveranderd. Die verkorte gekonsolideerde inkomstestaat en aantekening oor finansieringsinkomste/(koste) is heraangegee vir die hermeting van skriftelike verkoopopsie-verpligtinge, aangesien dit nou direk in ekwiteit erken word.

Die maatskappy se eksterne ouditeur het nie vooruitskattings in hierdie aankondiging van tussentydse resultate nagegaan of daaroor verslag gedoen nie.

Ons gaan voort om groeigeleenthede te ontgin om ons strategie te bevorder, ons ekosisteem uit te brei en die besigheid vir volhoubare groei te posisioneer. In ons Geklassifiseerde Advertensie-segment het ons letgo en OfferUp saamgesmelt, wat gelei het tot 'n besigheid met 'n nasionale voetspoor regoor die Verenigde State (VS), wat goed geposisioneer is vir groei in 'n hoogs mededingende mark. Die samesmelting het 'n nuwe belegging van VS$120m ingesluit, wat deur Prosus gelei is. Verder het ons ons Geklassifiseerde Advertensie-bates in die Midde-Ooste by Emerging Markets Property Group (EMPG) ingelyf en aan 'n finansieringsgeleentheid van VS$150m deelgeneem wat die waardasie van die besigheid tot bo VS$1mjd laat styg het. OLX Brazil het die verkryging van die vooraanstaande vertikale eiendomsportaal Grupo ZAP, wat in Maart 2020 aangekondig is, teen 'n bedrag van VS$520m (BRL2.9mjd) afgehandel. In ons Betalings en Fintech-segment het ons 'n bykomende belegging van VS$53m in Remitly aangegaan om sy voetspoor in die VS, Verenigde Koninkryk (VK) en Kanada uit te brei. Ons het met 'n belegging van VS$25m deelgeneem aan Mail.ru se kapitaalverkrygingsveldtog om groei-inisiatiewe te befonds. Ten slotte is ons daarop toegespits om ons blootstelling aan opvoedkundige tegnologie (edtech) te verhoog deur VS$60m te belê in Eruditus, 'n internasionale professionele aanlyn platform vir hoër onderwys. In November het ons 'n totale belegging van VS$500m in Churchill Capital Corp II se beoogde verkryging van Software Luxembourg Holding S.A. (Skillsoft) en Global Knowledge Training LLC (Global Knowledge) aangekondig. Die transaksie sal die wêreld se voorste digitale leermaatskappy tot stand bring, met 'n omvattende aanbod van inhoud op aanvraag en regstreekse virtuele inhoud.

COVID-19

Ons het die finansiële jaar in April 2020 begin deur te reageer op die uitbreking van die Covid-19-pandemie, wat geblyk het 'n wêreldwye uitdaging te wees. Ondanks die maatskaplike en ekonomiese impak daarvan regoor die wêreld, het Naspers veerkragtig gebly en goed gevaar in die eerste helfte van die huidige finansiële jaar - inkomstegroei is versnel, winsgewendheid en kontantvloeiskepping is verbeter, en die getal klante is verhoog namate verbruikers na aanlyn oorgeskakel het. e-Handelsinkomste het jaar tot jaar met 37% (52%) toegeneem. Die groep se handelswins het met 38% (42%) gestyg.

Soos die meeste maatskappye, moes Naspers uitdagings die hoof bied - veral in lande waar regerings omvattende en uitgerekte inperkingsregulasies ingestel het wat ekonomiese aktiwiteit ingekort het. Ons het vinnig ons gebeurlikheidsplanne in werking gestel en 'n skerp herstel in al ons ondernemings gesien namate inperkingsregulasies verslap is.

Gedurende die krisis het ons deurentyd die gesondheid en welstand van ons werknemers voorop gestel, poste sover moontlik beskerm, en ons besigheid met die oog op die lang termyn beskerm en geposisioneer. Waar nodig, het ons ondersteuning aan ons vennote verleen om seker te maak die aanbodketting bly sterk, en regerings se Covid-19-reaksieprogramme met skenkings ondersteun.

Ná die verslapping van inperkings en klokreëls in baie lande gedurende die tweede kwartaal, het feitlik alle sakebedrywighede weer jaar-tot-jaar-groei getoon. Tencent het ook gedurende die pandemie veerkragtig gebly en vaar goed. Ongelukkig het 'n tweede vlaag van Covid-19 'n invloed op sommige van die markte waarin ons bedrywig is. Ons is egter steeds vol vertroue dat die planne wat ons in werking gestel het, asook ons stewige finansiële posisie sal verseker dat ons die moontlike uitwerking daarvan vorentoe kan bestuur. Ons is van oordeel dat ons op die langer termyn sal baat vind by die versnelling van die onderliggende tendense na aanlyn platforms wat die groei van die verbruikersinternetmark voortdryf, en ons sal seker maak dat ons ondernemings geposisioneer is om die krisis goed te oorleef.

Voorbereiding van die verkorte aankondiging van resultate

Die voorbereiding van die verkorte aankondiging van resultate is onder die toesig van die groep se finansiële direkteur, Basil Sgourdos GR(SA), gedoen. Hierdie resultate is op 23 November 2020 uitgereik.

ADB-program

Bank of New York Mellon handhaaf 'n GlobalBuyDIRECT[SM]-plan vir Naspers Beperk. Vir bykomende inligting, besoek Bank of New York Mellon se webwerf by www.globalbuydirect.com of skakel aandeelhouersverhoudinge by 1-888-BNY-ADRS of 1-800-345-1612 of skryf aan: Bank of New York Mellon, Shareholder Relations Department - GlobalBuyDIRECT[SM], Church Street Station, PO Box 11258, New York, NY 10286-1258, USA.

Belangrike inligting

Hierdie verslag bevat vooruitskouende verklarings soos omskryf in die United States Private Securities Litigation Reform Act van 1995 rakende ons finansiële toestand, bedryfsresultate en ondernemings. Hierdie vooruitskouende stellings is onderhewig aan 'n aantal risiko's en onsekerhede, waarvan baie buite ons beheer is en wat almal gebaseer is op ons huidige oortuigings en verwagtinge oor toekomstige gebeure. Vooruitskouende stellings word gewoonlik geïdentifiseer deur die gebruik van vooruitskouende terminologie soos "glo", "verwag", "mag", "sal", "kon", "moet", "van plan is", "skat", "beplan", "veronderstel" of "antisipeer", of die negatiewe daarvan, of ander variasies daarop of vergelykbare terminologie, of deur besprekings van strategie wat risiko's en onsekerhede inhou. Hierdie vooruitskouende verklarings en ander verklarings in hierdie verslag rakende aangeleenthede wat nie historiese feite is nie, behels voorspellings. Geen versekering kan gegee word dat sulke toekomstige resultate bereik sal word nie. Werklike gebeure of resultate kan wesenlik verskil as gevolg van die risiko's en onsekerhede wat ons en ons filiale in die gesig staar. Sulke risiko's en onsekerhede kan daartoe lei dat die werklike resultate wesenlik verskil van die toekomstige resultate soos aangedui, uitgedruk of geïmpliseer in sulke vooruitskouende verklarings. Daar is 'n aantal faktore wat ons toekomstige bedrywighede kan beïnvloed en wat kan veroorsaak dat die resultate wesenlik verskil van die resultate wat in die vooruitskouende verklarings uitgedruk word, insluitend (sonder beperking): (a) veranderinge aan IFRS en gepaardgaande interpretasies, toepassings en praktyke soos dit van toepassing is op die verlede, hede en toekomstige tydperke; (b) deurlopende en toekomstige verkrygings, veranderinge aan plaaslike en internasionale sake- en marktoestande soos wisselkoers- en rentekoersbewegings; (c) veranderinge in plaaslike en internasionale regulatoriese en wetgewende omgewings; (d) veranderinge aan plaaslike en internasionale operasionele, sosiale, ekonomiese en politieke toestande; (e) arbeidsontwrigtings en industriële optrede; en (f) die gevolge van huidige en toekomstige litigasie. Die vooruitskouende stellings vervat in die verslag is slegs geldig vanaf die datum van die verslag. Ons is nie onder enige verpligting om (en ons ontken uitdruklik enige sodanige verpligting om) toekomstige uitsprake te hersien of by te werk om gebeure of omstandighede ná die datum van die verslag of om die voorkoms van onverwagte gebeure weer te gee nie. Ons kan nie die versekering gee dat vooruitskouende verklarings korrek sal wees nie en beleggers word gemaan om nie onnodige vertroue in enige vooruitskouende verklarings te plaas nie.

Meer inligting

Hierdie verkorte aankondiging van resultate is die verantwoordelikheid van die direkteure en is slegs 'n opsomming van die inligting in die volledige verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag. Hierdie verkorte aankondiging van resultate is op 23 November 2020 bekendgemaak en die volledige verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state kan op die maatskappy se webwerf, www.naspers.com, gevind word en kan op die JSE-skakel gesien word by https://senspdf.jse.co.za/documents/2020/JSE/ISSE/NPN/Interims.pdf. Afskrifte van die volledige verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag kan ook gedurende kantoorure sonder enige koste by die maatskappy se geregistreerde kantoor aangevra word. Die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state vir die ses maande geëindig 30 September 2020 is deur PricewaterhouseCoopers Geïnk., ons onafhanklike ouditeur, nagegaan. Hul ongekwalifiseerde verslag word by hierdie verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state, wat op www.naspers.com beskikbaar is, aangeheg. Enige beleggingsbesluit moet gegrond word op die volledige verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag wat op SENS en op die maatskappy se webwerf gepubliseer is. Die inligting in hierdie verkorte aankondiging van resultate is verkry uit die nagegane inligting wat op SENS gepubliseer is, maar die aankondiging self is nie nagegaan nie.

Namens die direksie

Koos Bekker
Voorsitter

Bob van Dijk
Uitvoerende hoof

Kaapstad
21 November 2020

Bastion